



eduresourceza.com



ST STITHIANS
GIRLS' COLLEGE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL II

Eksaminator:	Mev. M. Ferreira	Graad:	12
Moderators:	Mev. E. Greeff	Datum:	6 September 2023
	Mev. C. van Tonder	Punte:	100 punte
	Mev. D. Verster	Tyd:	2 ½ uur

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE AFDELINGS**:

Afdeling A	Prosa: Donker Web	(70 punte)
Afdeling B	Transaksionele skryfwerk	(30 punte)
3. Skryf jou naam en jou onderwyseres se naam bo-aan elke bladsy.
4. Beantwoord AL die vrae.
5. **Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.**
6. Trek 'n kantlyn aan die regterkant van jou foliobladsy.
7. Laat 'n reël tussen jou antwoorde oop.
8. Nommer jou antwoorde noukeurig volgens die vraestel.
9. Let op na die punttoekenning by elke vraag.
10. Dit is in jou eie belang om netjies en leesbaar in blou of swart pen te skryf.
11. ALLE vrae moet in **Afrikaans** beantwoord word en geen woordeboeke word toegelaat nie.
12. Baie sterkte! 😊



AFDELING A PROSA

INSTRUKSIES VIR ADELING A

1. Beantwoord AL VIER die vrae
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.
3. BEPLANNING (Vir paragrawe en langer skryfstukke)
Dit is 'n goeie idee om 'n opstel / paragraaf of langer skryfstukke te beplan voordat jy dit neerskryf.
4. Skryf die opskrif: BEPLANNING
5. Jou beplanning in hierdie afdeling word nie bepunt nie – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.
6. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag.
7. Skryf die getal woorde aan die einde van elke langer vraag neer.

BEPLANNING (linkerkantste bladsy)	VRAAG 1 (regterkantste bladsy)
 (Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie)	 (bv. 205 woorde)

**AFDELING A****PROSA - DONKER WEB - Fanie Viljoen****VRAAG 1****KONTEKSTUELE VRAE**

Lees die volgende uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Ek het alles vir jou opgemors. Lyk my ek gaan nooit van my pa ontsnap nie. Dis daai ding van sondes van die vaders, of so iets." Die gedagte spook al van gisteraand af by my.

Ek weet wie jy is, Greg. Jy bly weg van my meisiekind af. Het ons mekaar?

Die man se woorde het deur my kop bly maal.

[Bladsy 37]

- 1.1 Wie is die man wat Greg in hierdie gedeelte waarsku? (1)
- 1.2 Watter beroep (*career*) het hierdie persoon gehad voor hy afgetree het? (1)
- 1.3 Met wie praat Greg as hy sê "Ek het alles vir jou opgemors..." (1)
- 1.4 Hoe het Greg alles vir die persoon opgemors volgens die bogenoemde gedeelte? (2)
- 1.5 Dink jy dit is regverdig dat mense Greg sleg behandel as gevolg van sy familie se geskiedenis? Motiveer jou antwoord deur **twee feite** te noem. (2)

Dan merk ek 'n snaakse ding op. Die rare letter wat soos 'n kandelaar lyk, staan derde van voor en derde van agter af.

NIΨON ANOMHAMATA MH MONAN OΨIN

Wag, die ander letters herhaal ook. Die sin is vorentoe en agtertoe presies dieselfde. Dis soos 'n woordspeletjie.

[Bladsy 80]

- 1.6 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur na die boek te verwys.
Die snaakse woorde is in Turks geskryf. (2)
- 1.7 Wat beteken die inskripsie? (2)
- 1.8 'n Mens kan die vreemde inskripsie van voor tot agter, of van agter tot voor lees. Wat noem 'n mens so 'n woord? (1)



- 1.9 Iemand het hierdie boodskap vir Greg gestuur. Wat is die persoon se
1.9.1 regte naam en ook sy 1.9.2 kuberkrakernaam? (2)
- 1.10 Hoe het hierdie inskripsie se betekenis 'n rol in die hoofkarakters se
verhouding gespeel? (1)

[15]

**VRAAG 2****PARAGRAAF**

2.1 Xander en Greg het baie hard probeer om die Baker op te spoor.

Skryf 'n paragraaf van tussen 80-120 woorde oor hoe die karakters op die Baker se spoor is. In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- | | |
|--|-----|
| • Wat het hulle op die donkerweb geplaas om die Baker uit te lok? | (1) |
| • Watter boodskap het die Baker vir hulle gestuur om te sê dat hy nie in hulle lokval gevang sal word nie? | (1) |
| • Hoekom is dit belangrik vir Greg om die Baker te vang? | (1) |
| • Hoe weet Greg en Xander waar die Baker is? | (1) |
| • Hoe het Greg-hulle probeer om die Baker in Venesië se strate op te spoor? | (1) |
| • Hoekom het Greg sy selfoon in die straat gelos om eers gou terug hotelkamer toe te hardloop? | (1) |
| • Hoe kry die Baker dit reg om vir Greg en Xander in 'n lokval te lei? | (1) |
| • Hoe maak die Baker amper vir Greg dood? | (1) |

2.2 **Die Baker het Greg se familie gedreig.**

Hoe het Greg geweet dat sy ma in gevaar is? (1)

2.3 Hoekom wou Xander ook graag die Baker vastrek? (2)

2.4 Watter rol het die Baker die aand van die video se verfilming gespeel? (1)

2.5 Wat het hulle met sy pa gedoen tydens die verfilming van die video? (1)

2.6 Wat het hulle met Xander se pa gedoen nadat hulle die video gemaak het? (1)

2.7 Hoe het Xander die Baker terugbetaal vir wat hy aan sy pa gedoen het? (1)

[15]



VRAAG 3

DIALOOG

Voltooi die onderstaande dialoog deur slegs die nommer en ontbrekende sinne/woorde in jou antwoordboek neer te skryf. Onthou dat jou antwoorde op die boek gebaseer moet word.

Greg en sy ma gesels oor al die gebeure met hulle familie.

- Ma: Hoekom dink jy het jy so maklik aan die begin vir Xander vertrou?
- Greg: Hy het my baie aan (3.1) ... (1)
- Ma: Xander se *social engineering* op ons familie het baie hartseer veroorsaak. Wat was sy plan van die begin af?
- Greg: Hy wou almal van *Project Nursery Rhyme* laat vang. My pa en Dok Pienaar is tronk toe, maar hulle was nie veilig nie, want (3.2) .. **(gee twee feite)** (2)
- Ma: Xander het jou nie regtig vertrou nie. Wat het jy gedoen wat hom baie agterdogtig oor jou gemaak het?
- Greg: Hy wou hê ek moes (3.3) ... maar toe het Plank dit gedoen. Hy het ook nie geweet van die (3.4) ... totdat hy en Ayla dit in my kamer gekry het nie. (1)
- Ma: Dit is vir my 'n snaakse storie. Jy het gesê jy het dit in 'n pakkie by jou woonstel gekry. Wie dink jy het dit vir jou gestuur?
- Greg: (3.5) ... (1)
- Ma: Die mense wat by jou ingebreek het en met bloed op jou deur geskryf het, kon dit nie kry nie. Waar het jy dit weggesteek?
- Greg: (3.6) ... (1)
- Ma: Dit was baie slim. Ek was baie bekommerd oor jou na ons laaste telefoonoproep. Hoekom kon ek jou nie in die hande kry nie?
- Greg: (3.7) ... (1)
- Ma: Wel, ten minste kon (3.8) ... na jou en (3.9) ... gaan soek. Ek was bietjie rustiger, want hy het gelukkig polisiekontakte gehad. Watter twee mense was toe eintlik in beheer van Project Nursery Rhyme? (2)
- Greg: Dit was (3.10).... (sy regte naam en van) en (3.11) ... (haar bynaam). (2)



Ma: Ek dink nou net aan daardie partytjie waarheen jy gegaan het by (3.12) ... se huis. (1)

Greg: Ja Ma, kan jy glo ek het (3.13) ... daar ontmoet en nie eers gedink dis 'n moontlikheid dat dit hy kan wees nie. (1)

Ma: Ek dink daardie man het baie mense 'n rat voor die oë gedraai.

Greg: Ma is reg. Het Ma gesien die koerante het gesê dat (3.14) ..., maar dit was eintlik Plank. (1)

Ma: Dit is verskriklik! My hart is so seer omdat Plank doodgeskiet is. Hy het dit beslis nie verdien nie.

[15]



VRAAG 4 OPSTEL

Daar was baie verskillende tipes verhoudings in die verhaal.

Opdrag:

Skryf 'n **opstel** van 250 – 400 woorde. Bespreek hoe die karakters se verhoudings ontwikkel het of beëindig is.

- Jou opstel moet 'n INLEIDING en 'n SLOT hê.
- Gebruik die ideekaart hieronder as riglyn om jou feite te organiseer.
- Die punte tussen die hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Gebruik die korrekte formaat vir 'n **opstel**.
- Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf.

INLEIDING:

Paragraaf 1: Vriendskappe

- | | |
|---|-----|
| • Wie was Greg se beste vriend? | (1) |
| • Wat het sy beste vriend in Istanboel gedoen wat hulle almal in gevaar gestel het? | (1) |
| • Wat moes hulle daarna doen om veilig te wees? | (1) |
| • Wat het Greg gedoen om hierdie vriend te verrai? | (1) |
| • Wat het met hom gebeur voor Greg hom weer gekry het? Gee twee feite . | (2) |

Paragraaf 2: Romantiese verhoudings

- | | |
|--|-----|
| • Watter een van Greg se vorige meisies kom besoek hom by sy woonstel? | (1) |
| • Wat wys sy vir hom wat hom skok? | (1) |
| • Hoe voel Greg oor haar nadat hy haar weer gesien het? | (1) |
| • Wat is Plank se meisie se naam? | (1) |
| • Wie is Xander se meisie? | (1) |
| • Watter waarskuwing gee Greg aan haar oor Xander? | (1) |
| • Hoekom dink Greg dat een van haar ouers dalk die Baker kan wees? Gee twee feite . | (2) |

Paragraaf 3: Ouers en kinders

- | | |
|---|-----|
| • Hoe verskil Greg se verhouding met sy pa van sy verhouding met sy ma? Verduidelik volledig. | (2) |
| • Watter tipe verhouding het Oom Dirk met Lisa? Gee 'n voorbeeld om jou antwoord te motiveer. | (2) |
| • Waarop het Xander uitgemis in sy kinderdae en hoekom? | (2) |

SLOT:

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die vereistes voldoen.

[25]

70 Punte

**AFDELING B****TRANSAKSIONELE SKRYF****VRAAG 5****E-POS**

Jou skool het onlangs 'n produksie bygewoon waarin hulle julle voorgeskrewe werke kom aanbied het. Jy was baie verbaas om julle "held" van *Ballade vir 'n enkeling* daar te sien. Hy is die bestuurder van die produksie, en namens die graad 12's moet jy hom bedank. Skryf 'n e-pos waarin jy:

- vertel hoe verbaas jy was om hom in lewende lywe daar te sien.
- vir hom sê wat jy van die produksie gedink het.
- hom bedank.

Opdrag:

Skryf 'n e-pos aan Zak Hendrikz.

Die inhoud moet tussen **150 – 220** woorde lank wees.

Onthou:

- Spreek al die aspekte van die opdrag aan.
- Dui jou woordtelling aan.
- Beplan jou skryfstuk voordat jy dit finaal skryf.
- Trek jou beplanning dood.
- Gebruik die formaat soos hieronder aangedui.

Aan:	
CC	
Onderwerp:	
Beste Meneer Hendrikz xxxxxxxxx (laat 'n reël oop) Wat 'n ... xxxxxxxxxxxxxx Paragraaf 2 xxxxxxxxxxxxxx Paragraaf 3 xxxxxxxxxxxxxx Slot xxxxxxxxxxxxxx Groete (jou naam) [aantal woorde]	

[20]



VRAAG 6

WENKE

Jou vriendin in graad 11 het jou gevra om vir haar 'n paar **wenke** te gee oor die voorbereidings vir die matriekafskeid.

Opdrag:

Gee **ses wenke** wat, volgens jou, sal help om gereed te maak vir die uitsonderlike geleentheid in julle skoolloopbaan.

Dink aan:

- afspraak wat gemaak moet word.
- aspekte wat in gedagte gehou moet word by die keuse van jou uitrusting (*outfit*).
- vervoer.

Die inhoud van jou skryfstuk moet **60 – 100** woorde lank wees.

Onthou:

- Doen eers jou beplanning en trek dit dood.
- Elke wenk moet met 'n kolpunt aangedui word.
- Laat 'n lyn oop tussen elke wenk.
- Die aspekte wat genoem is, moet almal aangespreek word.
- Gee die woordtelling aan die einde van jou skryfstuk.
- Begin elke wenk met 'n **werkwoord**.

[10]

30 Punte

Totaal: 100 punte